Dit sou moeilik wees om vas te stel presies hoeveel waarde hierdie bidstonde vir die advent-volk besit. Op treffende wyse voorsien hulle in die behoeftes van ons hongerige en dorstige siele. Deur middel van die tydige en opwekkende boodskappe, geskrywe deur d'e leiers wat so-te-sê hulle vingers op die pols van die geestelike lewe het, word die aandag van die gelowiges gevestig op die reuse vraagstukke waarvoor hulle staan. Hierdie boodskappe wys ons op die neigings wat daar in hierdie dae in die kerk is, en ons besef terselfdertyd dat dit juis ook die moeilikhede is waarmee ons self te kampe het. Opnuut word ons aangedag gevestig op die evangelie, en daar word nadruk gelê op die dryfveer om dit te verontondig; ons oë word gevestig op die doelwit wat die Christen aanspoor. Namate ons luister na die waarskuwings en vermanings in die lesings, word ons vervul met nuwe hoop, nuwe moed, en 'n nuwe voorname om aan te druk op die lewensweg. Dis waarlik 'n week van besieling vir die strydende kerklede.

Maar hierdie boodskappe, belangrik soos hulle is, is nie die doel self nie; hulle is slegs die middels tot die doel. Waar hulle op d'e hoogtes wys wat die kerk moet bereik, wat die lewe en diens van die lede betref, sal hierdie lesings hulle doel mis as hulle nie die kerk wakker skud om ernstig te bid vir die krag wat so nodig is om daardie doel te bereik nie. Die doel wat ten grondslag lê—die ware doel van die Week van Gebed—is dat ons die „skatkamers van die hemel mag oopsluit, waar die onbepaalde skatte van die Almag bewaar is,” en die sleutel wat dit kan ontsluit het ons in ons hande—dis Gebed.

Dit is gebed wat hierdie bidstonde vir ons so geseënd gemaak het. Sondaars het na die fontein gekom en hulle is gereinig; neerslagtige, mistroostige siele is op hulle knieë besiel met nuwe hoop en moed; sommige wat ernstig verlang het na oorwinning oor die een of ander boesem sonde, of wat verlang het na krag in die diens vir ander, het as gevolg van hulle gebede tot 'n mindere of meerdere mate 'n verwesenliking van hulle hoop gesien. Maar hulle het vir bepaalde dinge gebed; hulle het om bepaalde seëninge gesoek en die belofte aangeneem: „Alles wat julle die Vader sal vra in My naam, sal Hy julle gee.” Dit is die soort gebede wat God

van Sy kinders verwag, en dis ook die soort gebede wat die aanstaande Week van Gebed behoort te kenmerk.

Waarvoor Moet Ons Veral Bid?

Hoewel daar baie dinge is, dink ons veral aan die volgende:

Oorwinning oor die Sonde.—Bedoel die Ingegewe Woord dit ernstig as hy sê: „Die sonde sal oor julle nie heers nie”? Of is

Eind-Resultaat van die 1937 Oesinsamelingsveldtog

ELKE VELD IS OOR SY GESTELDE DOELPUNT

£10,000 INGESAMEL

Dit was die grootste veldtog wat ons nog ooit in die Divisie gehad het! Bestudeer net die volgende syfers:

	1935	1936	1937
Doelpunt	£5,025	£5,100	£6,205
Ingesamel	7,260	8,661	10,000
Surplus	£2,240	£3,561	£3,795

Die surplus van 1936 het dié van 1935 met £1,321 oortref, terwyl die surplus van 1937 dié van 1936 met £234 oortref het, en dit ondanks die feit dat die doelpunt in 1937, £1,105 hoër was as in 1936.

As ons die bedrae analiseer wat werklik ingesamel is, sal ons sien dat daar in 1936, £1,401 meer ingesamel is as in 1935, en dat daar in 1937, £1,339 meer ingesamel is as in 1936. Dit is waarlik 'n prestasie vir werkers sowel as leke, en dit is bewys dat die Here groter seëninge gee wanneer daar by Sy volk groter geloof en kraginspanning aan die dag gelê word.

Nogtans wil ons ons innige waardering betuig aan ons werkers en kerklede oor die ganse Divisie vir die mooi som wat hulle ingesamel het.

Weens die feit dat die noordelike sendingvelde hulle veldtogte baie later begin as ons hier in die suide, was dit vir ons onmoontlik om die finale rapport eerder in te dien.

Totsiens! tot die volgende veldtog, en baie dankie.

F. E. POTTER.
Buurt-Sendingsekreteris,
Suidelike Afrikaanse Divisie.

dit somer maar ironie? Dit is ondenkbaar dat God die spot sal dryf met Sy kinders wat Hom so oneindig veel gekos het om te verlos. Waarom neem ons dan nie die belofte aan nie—veral gedurende die aanstaande Week van Gebed? As ons dit nie nou doen nie, wanneer sal ons dit dan ooit doen? Watter dwangmiddels verwag ons dan nog van God voordat ons sal

wakker skrik uit ons slaap? Ons lewe in die tyd wanneer die Here die gemeente aan Homself sal voorstel „sonder vlek of rimpel of iets dergeliks.” Ons behoort elke dag van die Week van Gebed te bid dat ons van die werke van duisternis gereinig mag word sodat ons die wapens van lig kan aandoen.

Verlossing van Moedeloosheid.—Hoeveel belydende Christene, ja, Sewende-dag Adventiste, gaan gebuk onder kwellings en die sorge van die lewe—mense wat nog nie die vreugde van die verlossing gesmaak het nie! Ons Heiland het die bepaalde belofte gegee: „Vrede laat Ek julle na. . . Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie.” As ons verkies om ons te kwel liever as om Sy vrede aan te neem, dan verwerp ons feitlik Sy aanbod. Het ons dan nie die tyd bereik wanneer ons gehoor moet gee aan die bevel: „Kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is.” As dit waar is, dan behoort ons veral te bid om genade en gewilligheid om die moedeloosheid wat ons Christelike lewe in die verlede so belemmer het, vir altyd af te werp, en daardie kosbaarste van alle gawes aan te neem, n.l. die „vrede wat alle verstand te bowe gaan.”

Liefde vir die Broeders.—Mens wonder soms of ons as 'n kerk daardie kentekens openbaar wat die dissipels van die Here sal onderskei: „Hieraan sal almal weet dat julle My dissipels is, as julle liefde onder mekaar het.” Dit is hierdie hoedanigheid wat die ware dissipels van die Here sal kenmerk. Dit was die kenmerk van die eerste kerk toe hulle hulleself verloën en met heilige ywer in die belang van ander gewerk het; en selfs die berowing van hulle goed met blydschap aanvaar het. Dit het ook h'erdie denominasie in die begin gekenmerk; maar word hierdie eienskap vandag aangetref onder diegene wat hulleself klaarmaak vir die verheerliking? Die uitdeling van hulle aardse besittings deur die vroeë Christelike kerk was slegs 'n teken van die liefde en eensgesindheid wat daar onder hulle geheers het. Dit was daardie onderlinge gemeenskap wat in 'n groot mate bygedra het tot die uitstorting van die vroeë reënt; en dit het gekom as gevolg van die volharding in die gebed daar in die bovertrek. Waar die kerk vandag voor nog 'n groter taak staan, sal ons dan n'e veral bid, soos die dissipels vanouds, vir heilige, onbaatsugtige liefde nie, sodat ons binne en buite die kerk die merkteken mag dra as diegene wat waardig is om Sy dissipels genoem te word?

Die Opheffing van die Banier.—Terwyl die banier in die wêreld en in die kerk in die grond sleep, rus die verantwoordelikheid op d'e laaste kerk (die oorblyfsel) om „'n banier oor die volke op te steek.” Ons Christelike gedrag moet die banier wees; dit moet in ons lewe gesien kan word. Dit het te doen met ons verhouding tot al die vereistes van God. Dit beteken dat ons op die gebied van gesondheidshervorming, van kleredrag, plesier, Sabbatviering, die sosiale lewe, die

huislike lewe en alles wat met die geestelike lewe te doen het, die banier sal omhoog hou. Laat ons ernstig bid vir die handhawing van die peil in hierdie verband.

Ons Huislike Lewe.—Die huislike lewe van sommige Sewende-dag Adventiste laat nog veel te wense oor. Die krag om versoeking van buite te beveg word ondernyn deur gebrek aan samewerking en simpatie binne die huis. Ons dink ook aan gevalle waar die huisaltaar ontbreek, en aan die baie dinge wat meewerk om die mure af te breek wat ons huise behoort te beskerm teen wêreldgesindheid. Ja, laat ons vurig bid dat God ons huise sal seën.

Die Bekering van Bloedverwante.—Daar is betreklik min Sewende-dag Adventiste huise wat nie verdeel is nie. Dit mag die man, die vrou, 'n seun of 'n dogter, of broers of susters wees wat nog buite die kudde is. Dit is tyd dat ons die Here ernstig moet bid vir die bekering van sulke persone. Laat ons aan hulle gedenk gedurende die aanstaande Week van Gebed.

Krag om te Getuig.—Dit was toe die dissipels daar in die bo-vertrek volhard het in die gebed dat hulle krag ontvang het om vir hulle verrese Heiland te getuig. In daardie tyd het alles maar donker gelyk. Hulle self was mense wat hulle Heiland verlaat het. Hoe kon hulle ooit die verantwoordelikheid aanvaar wat Hy nou op hulle geplaas het? Dit was gebed wat alles verander het. Hulle gebede is verhoor en die beloofde krag het gekom. Omgord met hierdie krag was hulle in staat om hulle taak te volbring.

In hierdie verband is Sewende-dag Adventiste net so behoeftig ten opsigte van die taak wat voor hulle lê, as die dissipels vanouds. Hulle het dieselfde mate van krag nodig, en hulle het dit dringend nodig. Gedurende die Week van Gebed kan ons ook daardie bo-vertrek-ondervinding soek wat soveel beteken het vir die dissipels; en dit kan ons harte net so verander as hulle s'n. Sal ons dan nie in al ons kerke, in alle erns, volhardend, en onder 'n besef van die haglike toestande voor ons, die Here vurig bid om die krag van die Heilige Gees om ons in staat te stel om te lewe en te getuig soos mense wat die wederkoms van hulle Here verwag?

Dit is slegs sewe van die dinge waarvoor ons behoort te bid. Ons mag nog oor ander dink, maar wat dit ookal is, laat ons ons bes voor die Here bring sodat ons alles van die Here mag verkry. Waarom sal ons dit nie die geleentheid maak waar ons al ons laste op die Here lê nie, sodat Hy ons kan bevry van al die kwelling, onrus en moedeloosheid? Watter magtige oorwinningkreet sal dan nie gehoor word uit duisende kele, en hoe blymoedig en volvrede sal ons nie die verantwoordelikhede wat op ons rus aanvaar nie? En waarom kan dit nie so wees nie? Die enigste struikelblok kan onself wees; en dit is wat die Here wil regmaak gedurende hierdie Week van Gebed.

'n Kettingbrief

'N PAAR maande gelede het die leiers van die Suidelike Afrikaanse Divisie, in beradslaging met die afgevaardigdes van die Wêreldkonferensie wat destyds hier op besoek was, besluit om een van ons sendingstasies in Suidelike Rhodesië te verkoop, en om die geld te gebruik om 'n ander stasie op 'n geskikter plek te vestig.

Die betrokke stasie is nou omring deur plase en dit is ook ver weg van die natuurlike reservasies wat dit moet bearbei. Ons broeders in Afrika voel dat 'n nuwe stasie op 'n geskikter plek doelmatiger sal wees, en ons werk onder die Masjonas grootliks sal bevorder.

'n Naamlose brief—die skrywer noem homself „T”—doen nou die rondte. Die skrywer lewer 'n hartroerende pleidooi vir die ou stasie, waarin hy 'n beroep doen op ons lede orals om geldelike steun, om te verhoed dat die stasie gesluit en die werk onder die Masjonas gestaak word. Die skrywer van die brief versoek almal wat die brief ontvang dringend om afskrifte daarvan te maak en dit dan weer aan vriende te stuur.

Ons wil graag ons mense waarsku teen versoekes van hierdie aard, en ook teen alle versoekes om middele vir sendingdoelendes wat nie deur die bevoegde Divisie, of Wêreldkonferensiekomitees goedgekeur is nie. Diegene wat verantwoordelik is vir die werk in Afrika, hoewel hulle fondse dringend nodig het vir die uitbreidende werk, het nie die behoeftes van Masjonaland oor die hoof gesien nie, en hulle meen dat die verskuiving van die betrokke stasie na 'n beter posisie, op die ou end die werk in die distrik baie sal aanhelp.

Ons vertrou dus dat persone wat gemelde kettingbrief mag ontvang, dit sal vernietig. Sulke briewe kan groot kwaad doen deur die so nodige middele vir ons gereelde sendingwerk in ander kanale te stuur. Ons keur hierdie metode om fondse in te samel ten strengste af. Ons meen dat almal sal instem dat dit baie veiliger is om die werk in die sendingvelde oor te laat aan die behoorlike aangestelde komitees, liever as om gehoor te gee aan oproepe van enkele persone wat dink dat hulle beter weet as die broeders. In eendrag is daar altyd mag en veiligheid.

WÊRELDKONFERENSIE KOMITEE.

* *

Die Jaarlikse Offergawe, 11 Desember 1937

C. W. BOZARTH

DIE tyd vir die volgende Week van Gebed is naby. Ons kan byna nie glo dat daar 'n jaar verbygegaan het van ons laaste Jaarlikse Offergawe in 1936 nie. Ek voel egter seker dat elkeen van Gods kinders in die Suidelike Afrikaanse Divisie baie stof tot dankbaarheid het vir die menigvuldige seëninge van God, en vir die voorregte wat Hy aan ons geskenk het. Ons

is baie dankbaar vir Sy beskerming oor die afgelope twaalf maande.

Dit was 'n baie goeie jaar vir Gods werk oor die hele Divisie. Duisende siele het gehoor gegee aan die prediking van die evangelie; hulle het hulle lewe van duisternis versaak en gekom tot die wonderbare lig van Gods liefde. Nog gister het ek 'n brief van Leraar H. M. Sparrow ontvang, waarin hy vertel van die pogings wat maar in een deel van Nyasaland gehou is, en waar meer as 'n duisend siele die boodskap aangeneem en by die Bybelklasse aangesluit het. As gevolg van die pogings wat gedurende Junie en Julie in die Kongo Unie gehou is, het byna drieduisend siele die heidendom waarvel gesê en hulle tot die waarheid gekeer. Uit alle dele van die Divisie ontvang ons dergelike rapporte.

Hierdie jaar is daar iets oor die drieduisend lede gedoopt en by die kerk toegevoeg. By ons kampdienste het ons hierdie jaar nog die grootste opkomste beleef in die geskiedenis van ons werk in Afrika; daar het altesame sowat 125,000 mense na die verskillende kampdienste gekom. Waarlik die Here was goed vir ons, en waar ons hierdie keer aan die Week van Gebed deelneem, laat ons Hom dank vir al hierdie baie seëninge.

Die Here het die voleinding van die werk op die aarde aan ons toevertrou. Dis 'n baie groot voorreg wat Hy aan ons skenk om medewerkers met Hom te wees. Hierdie jaar gee Hy ons weer die geleentheid om ons liefde vir Hom te toon, en ook vir diegene wat nog in die duisternis is, deur onself by hernuwing aan Hom te gee, en ook om van ons middele te gee. Die Here reken op ons, broeders en susters, en ons moet Hom nie teleurstel nie. Laat ons hierdie jaar 'n offer bring volgens die seëninge wat ons ontvang het.

Ek vertrou dat al ons mense oor die ganse Divisie op gulhartige wyse sal bydra tot die Jaarlikse Offergawe. Hierdie jaar was 'n baie voorspoedige jaar vir Suid-Afrika, en daarom verwag ons ook 'n milde offergawe op 11 Desember. God kan die middele wat ons gee juis nou baie goed bestee, maar daar sal 'n tyd kom wanneer Hy nie meer ons geld sal nodig hê nie; laat ons dus mildelik gee terwyl ons die kans het, sodat die voleinding van die werk kan verhaas word.

* *

Deel dit mee

As u deur die Heilige Gees gebruik is om 'n siel na die waarheid te lei; as u ondervinding van sielredding en diens u susters en broeders sal aanmoedig tot hernude en groter inspanning; sal u ons dan nie toelaat om daardie ondervindings deur middel van hierdie kolomme aan die kerk mee te deel ter ere van God en die versterking van Sy heiliges nie? Stuur u ondervindings aan:

Die Buurtsending-Departement
Posbus 468,
Bloemfontein, O. V. S.

Kaapse Konferensie-Sitting en Kampvergadering

KENNIS word hiermee gegee dat die vier-en-dertigste sitting van die Kaapse Konferensie van Sewende-dag-Adventiste byeenroep word om op die Rosebank-Tentoonstellinggronde, Rosebank, Kaap Provinsie, vanaf 24 Desember 1937 tot 1 Januarie 1938 te vergader.

Beampes vir die volgende termyn sal gekies word en ander sake wat voor die Konferensie mag gebring word sal afgehandel word.

Die eerste diens van die kampvergadering sal op Vrydag, 24 Desember om 7:30 n.m. gehou word en die eerste sitting van die raad op Sondag, 26 Des. om 10:00 v.m.

W. H. HURLOW, *Voorsitter*,
P. E. WILLMORE, *Sekretaris*.

Uitgewers Dept.

F. E. Potter, *Sekretaris*

Ons Studente-Kolporteurs

Op bladsy 7 verskyn daar 'n foto van die tiende afdeling studente-kolporteurs van Helderberg Kollege. Kyk goed na hulle gesigte en as u een van hulle in u buurt sien werk, hoop ons dat u hom alle hulp en aanmoediging sal gee. Moenie vir hulle sê dat hulle 'n moeilike taak het nie; hulle sal dit gou self uitvind as hulle hulle werk behoorlik doen. Klaagliedere is maar 'n baie swak versterkmiddel. Bemoedig hulle; bid vir hulle, en nooi hulle na u huis toe, want op daardie manier kan u help om hulle onkoste laag te hou. Langs hierdie weg sal u hulle aanhelp tot sukses. Hulle is besig met uitstekende sendingwerk en hulle verdien die voorbidding en hulp van alle Sewende-dag Adventiste.

N. T. Konferensie

A. N. Ingle *President*
P. W. Willmore *Sekr.-Tes.*
Bus 7768, Johannesburg, Tvl.

Uitnodiging na die Natal-Transvaalse Konferensie Kampdienste

DIE tyd is daar om definitiewe reëlings te tref vir die bywoning van die kampdienste. Ek het nou net teruggekeer van 'n rondreis in ons veld, en orals het ek van ons lede aangetref wat voornemens is om na die kampdienste te kom. Ek twyfel gladnie daaraan nie dat sowat 1,200 mense

die dienste sal bywoon, en ons kan reken op 'n geseënde tyd.

Ons lewe in ernstige tye. Satan is druk besig om die geloof van baie in hierdie Boodskap te ondermyn. Veral vir diegene wat op afgeleë plekke woon, sal die dienste geestelike verkwikking bring, en ons kan almal daarop reken om huiswaarts te keer met nuwe geloof en hoop.

Daar sal dienste wees vir oud en jonk, en selfs die kinders sal die dienste net so aangenaam vind, indien nie aangener nie, as die groot mense.

Die groot saal sal genoeg sitplek hê vir almal. Daar is 'n gerieflike eetkamer; en onder toesig van Suster Honey, kan ons verseker wees van smaaklike etes.

Die spesiale konsessie-kaartjies wat verkrygbaar is, sal die dienste binne bereik van almal bring, en almal behoort 'n poging aan te wend om teenwoordig te wees by ons openingsdiens om 7:30 v.m. Vrydagaand, 7 Januarie.

A. N. INGLE.

Begin die Nuwe Jaar Reg

P. W. WILLMORE

NIE meer lank nie, en die ou jaar sal verstreke wees. Vader Tyd sal 'n ander mypaal verbygaan en ons sal 'n nuwe tydperk intree. Wie weet wat die toekoms sal baar? Hoe sal ons die Nuwe Jaar begin?

Die Kampdienste

Ons kan nie beter doen as om reg te begin nie. As daar mislukkings, hartseer, verdriet, beproewings en teleurstellings was, laat ons dit vergeet. Begin die Nuwe Jaar deur ons kampdienste van 7 tot 15 Januarie by te woon, en begin sodoende reg.

Die Plek

Die Coronation-Saal, wat deur baie van u bekend is as die Vrymesselaars-Saal, en ook ons sentrale kerk langsaan, sal gebruik word vir die dienste. In die OUTLOOK van 15 Desember e.k., sal ons 'n tekening plaas wat die weg sal aanwys van die Johannesburgse Stasie na die Saal.

Konsessie-kaartjies

Die Suid-Afrikaanse Spoorweë het goedgunstig ingewillig om die gewone konsessie-kaartjies uit te reik. Aansoeke om konsessie-sertifikate, wat by ons kantoor onderteken moet word voor hulle geldig is, moet gerig word aan: Die Sekretaris, 292 Louis Botha Laan, Orange Grove, Johannesburg. Aan die toonders van die konsessie-sertifikate sal kaartjies uitgereik word teen die ekskursie tarief.

Wanneer u aansoek doen om konsessie-sertifikate, moet u die volgende besonderhede verskaf: (1) Naam en adres. (2) Klas wat u wil reis. (3) Datum van vertrek. (4) Naam van u spoorwegstasie. Let a.u.b. op dat niemand aan wie 'n konsessie-kaartjie uitgereik is die terugreis mag aanvaar tot eers sewe dae ná die uitreikingsdatum. Onthou dit, want dit is belangrik. Diegene wat op, of vóór 3 Januarie wil vertrek, hoef

nie konsessie-sertifikate te hê nie, want hulle kan 'n gewone ekskursie-kaartjie uitneem. Sommer-eksursiekaartjies is verkrygbaar tot op 3 Januarie. Kinders van sestien jaar en daaronder het nie konsessie-sertifikate nodig nie — hulle reis halfprys. Kinders onder sewe jaar reis vry.

Verblyfplek in Johannesburg

Daar is 'n kommissie aangestel vir die bespreking van herberg. Hierdie kommissie sal kamers bespreek vir diegene wat daarvoor aansoek doen. Aansoek om kamers moet vroegtydig gerig word aan: Die Sekretaris, 292 Louis Botha Laan, Orange Grove, Johannesburg.

Verskaffing van Voedsel

Mev. R. C. Honey, bygestaan deur 'n aantal bekwame helpers, sal voedsel op 'n cafeteria-stelsel verskaf. Besluit geruim u etes in die gerieflike, koel eetkamer van die Coronation-Saal te geniet.

Natal-Transvaal Konferensiesitting en Kampdienste

KENNIS geskied hiermee dat die vier-en-twintigste sitting van die Natal-Transvaal Konferensie, van 7 tot 15 Januarie, in die Coronation-Saal, Claimstraat, Johannesburg gehou sal word.

Beampes vir die nuwe termyn sal gekies, en alle sake wat behoorlik voor die konferensie dien, sal afgehandel word.

Die eerste diens in verband met die kampdienste sal Vrydagaand, 7 Januarie, om 7:30 n.m. in die Coronation-Saal gehou word. Die eerste besighedingsvergadering in verband met die konferensiesitting is vasgestel op Sondag, 9 Januarie, om 10 uur in die voormiddag.

A. N. INGLE, *Voorsitter*,
P. W. WILLMORE, *Sekretaris*.

Nuusbrokkies

TYDENS 'n onlangse besoek aan die westelike Transvaal en westelike Vrystaat, het ons president 'n paar van die kolporteurs van die ou garde ontmoet. Ons is seker dat die baie vriende van Broeder van Zyl, tans van Wolmaransstad, bly sal wees om te verneem dat hy nog goeie gesondheid geniet en vol moed is. Met Broeder Celliers wat tans naby Bothaville boer, is dit ook nog baie goed. Hierdie broeder, die waarheid aangeneem en vir 'n tyd gekolporteur; hy en sy gesin is al nou die enigste verteenwoordigers van die waarheid op Bothaville. In die buurt waar hy woon staan Broeder Celliers baie hoog aangeskryf. Mag dit die geval wees met al ons gelowiges.

Broeder Jonker wat vir baie jare kolporteur was, is nog besig om die waarheid te versprei in die distrik van Klerksdorp. Hy verkoop prente om sy onkoste te dek.

DIE getroue bearbeiding van Senekal deur kolporteurs en leke broeders dra nou vrugte.

Broeder Herholdt, bygestaan deur Broeder M. Coetzee en sy eggenote, hou reeds vir die afgelope twee maande daar dienste. Verlede Sabbat het sowat vyf-en-twintig volwassenes die eerste Sabbatdiens bygewoon, en dit ten spyte van bittere teenstand en die verspreiding van valse gerugte aangaande ons werk en mense. Ons verheug ons saam met Broeder Herholdt oor die goeie belangstelling aldaar.

Broeder Venter, bygestaan deur Broeder Haarhoff, doen ook goed op Ficksburg. Die opkomste is nie groot nie, maar ons verwag goeie resultate. Ons grootste moeilikheid is om die baie belangstellendes oor ons uitgestrekte gebied, met ons skamele werkkragte geestelik te versorg.

Uit Machadadorp rapporteer Broeder D. de Beer goeie belangstelling. 'n Nuwe groep mense het daar vir die waarheid uitgestaan.

ORALS waar ek rondgegaan het, is daar groot belangstelling onder ons mense in die aanstaande kampdienste. Ons twyfel nie daaraan nie dat 'n groot aantal die dienste op Johannesburg, gedurende Januarie-maand, sal bywoon.

INTERESSANTE ondervindings val soms ons evangeliste tebeurt. Een wat bittere teenstand ondervind het in die dorp waar by werksaam is, skryf as volg:

„In die plaaslike poskantoor lê daar 'n hele aantal briewe, sonder seëls, wat aan my geadresseer is. Daar kom elke dag nog meer. Ek het die posbeamptes versoek om hulle aan die senders terug te stuur. Die plaaslike predikant het al sy mense opdrag gegee om my strooibiljette wat by hulle huise afgelewer is, aan my, oor die pos, terug te stuur sonder die nodige posseëls. Ek het gou die ding agtergekom en my nie daardeur laat vang nie.”

'n Ander een skryf: „Die plaaslike predikant, vergesel van die stadsklerk in ofisiële hoedanigheid, het 'n besoek aan my huisbaas ('n vrou wat ook kafee-eienaar is) afgelê. Sy is versoek om my kennis te gee, en indien sy dit nie dadelik doen nie sou hulle 'n Indiër toelaat om langs haar perseel ook 'n kafee te open.”

Een van ons ander werkers skryf as volg: „Die opkomste by my dienste neem met die dag toe. Dit is die persoonlike uitnodigings wat dit doen; diegene wat kom bring weer ander saam.”



Kennisgewing aan Leraars en Plaaslike Leiers

VIND u enige baat by die vyftien-minuut sendingsketse? As hulle enigins tot nut is vir u sal ons bly wees om dit te vernem, sodat ons kan reëlings tref om 'n verdere voorraad vir aanstaande jaar te kry. Stuur net 'n poskaartjie sonder versuim aan:

Buurtsendingdepartement,
Posbus 468,
Bloemfontein, O. V. S.

Kaapse Veld

J. N. de Beer, Superintendent

Strewersweek in die Kaapse Veld

Ons voel dat die Strewersweek 'n stap in die regte rigting was. Die planne om gesamentlike dienste vir ons kerke elke aand gedurende die week en op die twee Sabbatte aan die begin en aan die end, in die „Forresters” Saal te hou, het mooi gewerk.

Die jongmense het van die hulp wat hierdie dienste hulle verleen het, gebruik gemaak, en hulle gereëde bywoning van hierdie dienste van begin tot end was 'n aanmoediging vir diegene wat die dienste waargeneem het. Daar is bepaalde oorrinnings behaal oor verkeerde gewoontes en baie het hulle belofte om die Here te dien, hernu, terwyl andere Jesus vir die eerste keer as hulle Verlosser aangeneem het.

Die volgende uittreksel uit 'n brief wat skrywer van 'n Strewer ontvang het, druk, volgens ons mening, die gevoelens van al die jongmense wat die dienste bygewoon het, uit. „Ek wens om u te bedank vir hierdie heerlike week van seëninge wat ons geniet het. Ek weet daar is baie jongmense, myself ingeslote, wat nader aan ons dierbare Verlosser getrek was as gevolg van die dienste.”

Ons wens om ons innige waardering uit te spreek van die uitstekende hulp wat leraar Clifford, Strewersvereniging-sekretaris van die Suid-Afrikaanse Unie-konferensie, ons gegee het in verband met ons werk vir die jongmense, gedurende hierdie spesiale week.

J. N. DE BEER.

Doodsberig

NORDEJEE.—Catherina M. Nordejee (gebore Dirksen) is Sabbatmôre, 30 Oktober, om 6 v.m. in die Johannesburgse Algemene Hospitaal oorlede in die ouderdom van byna 58 jaar.

Suster Nordejee het in 1932 die Boodskap onder Leraar Raubenheimer se prediking op Bethlehem gehoor en gereedlik aangeneem. 'n Jaar of wat later het sy na Eastleigh verhuis, 'n dorpie sowat ag myl van Germiston, waar sy rustig haar laaste dae deurgebring het.

In Meimaand vandeessjaar is haar eggenoot oorlede. Dit was dus ook 'n harde slag vir onse suster wat aan haar hart gely het, maar sy was gesteun en gestut deur die dierbare waarhede van Gods Woord.

Sy laat twee getroude dogters en 'n aangetroude seun, Mnr. S. Roux, na.

Skrywer het die lyksrede aan haar huis

op Eastleigh waargeneem waar 'n groot skare van belangstellendes bymekaar gekom het.

Sy is in die kerkhof op Primrose ter ruste gelê.

J. J. B. COMBRINCK.

Obituary

VAN RENSBURG.—Tobias Johannes Janse van Rensburg passed away on September 5, 1937, in his sixty-sixth year, and he was laid to rest on his farm, near Ermelo, in the Transvaal.

Our departed brother accepted the Truth over thirty-two years ago. In the year 1905 he read a little book entitled „Matthew 24”; this was a Seventh-day Adventist publication which someone had cast away. He and his wife both read the little booklet, and both accepted the Message. They were later baptised by the late Elder J. M. Freeman.

Brother Van Rensburg for a number of years resided in the Orange Free State where he and his wife faithfully helped the cause by spreading the Message. For many years Brother Van Rensburg was a member of the Orange Free State Conference committee. Later he moved to Ermelo where he served the church as local elder.

About three years ago Sister Van Rensburg died, and later Brother Van Rensburg married Sister M. M. van der Merwe who now survives him. His three daughters, Sister Lansdown of Bloemfontein, Sister Lee of Breyton, and Sister Meyer of Newcastle, are all active members of the church. The godly example of the parents, their faithfulness at the family altar, and their faithful attendance at the Sabbath school and church services made a lasting impression on the children. Although the parents may be dead, their good influence still lives on.

To the widow, the three daughters, and two sons who are left to mourn, we would express our sincere sympathy. We commend them to God and the precious promises of His Word. The dark shadows of this life shall flee away at the resurrection morn when loved ones separated by death will again be reunited.

J. E. SYMONS.

“SOME think that if they give money to this work, it is all they are required to do, but this is an error. Donations of money cannot take the place of personal ministry. It is right to give our means, and many more should do this; but according to their strength and opportunities, personal service is required of all.”—“Testimonies,” Vol. VI, pages 275, 276.



“THERE are many, who, because of prejudice, will never know the truth unless it is brought to their homes. The canvasser may find these souls and minister to them.”

The Southern

African Division Outlook

Published semi-monthly by the
General Conference of Seventh-day Adventists
(Southern African Division)
Grove Avenue, Claremont, Cape
Subscription price, 2/6 per annum

D. A. WEBSTER Editor.

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS

J. F. Wright President.
C. W. Bozarth Treas. and Auditor.
M. P. Robison Secy. and Ed. Secy.
L. L. Moffitt M. V. Secy. and S. S. Secy.
A. N. Tonge Medical Secy.
F. E. Potter H. M. and Field Miss. Secy.
L. L. Moffitt Religious Liberty Secy.

General News Notes

ELDER MILTON ROBISON, who has been on a tour in the South African Union in the interests of education work, is back at the office.

MISS LORNA STEVENSON has been to Bulawayo on her annual holiday, but we are glad to have her back in the office again.

Miss Helen Wheeler, one of the Helderberg students, has been assisting in the Division office during Miss Stevenson's absence. Miss Wheeler will continue as a relieving stenographer during the summer holidays.

THE Division officers are very busy getting things in readiness for the Division Committee meetings which begin on November 28. By the time this issue of the OUTLOOK reaches you the committee will be in session. The brethren will have some heavy problems to consider at these meetings, so let us hold them up before the throne of grace that they may have heavenly guidance.

WE are glad to report that Elder W. H. Anderson has now returned safely to the Division office after an absence of nearly seven months.

On November 20 Sister W. H. Anderson and her sister, Mrs. J. A. Hockett, arrived at the Cape from America. The members of the Claremont church particularly, will be happy to see Sister Anderson back in their midst. We also extend a hearty welcome to Sister Hockett.

Colourcraft Photo Studio

You owe someone a photograph
this Christmas!

Why not try

GWEN HOPKINS?

Colourcraft Photo Studio

68 Church Street, Cape Town

Special Prayer for Rain

Resolution Passed by Division Committee

"REALISING the serious condition obtaining in many parts of South Africa due to the prolonged and widespread drought, and the consequent hardships and privation experienced by thousands of people today, among whom are many of our own church members who look to us for special intercession in their times of need, therefore, be it

"Resolved, That we, the executive committee of the Southern African Division of Seventh-day Adventists, in meeting assembled, set apart Sabbath, December 11, 1937, the last day of the annual Week of Prayer, as a special day of prayer and fasting, that God might be pleased to send the relief so urgently needed."

We extend a sincere and urgent invitation to our people throughout South Africa to join with us in earnestly beseeching God to manifest His love and mercy and to send abundant rain that man and beast may rejoice, and that new courage may be awakened in the hearts of believers. We look to Him now, as always, as the Giver of every good and perfect gift, and have confidence to believe that He will answer the prayers that rise from the hearts and lips of His needy, supplicating people.

A. F. TARR.

Spesiale Biddag om Reent

Besluit Geneem Deur die Divisiekomitee

"ONDER 'n besef van die haglike toestande wat daar in baie dele van Suid-Afrika heers as gevolg van die voortdurende en byna algemene droogte wat groot ontberings veroorsaak onder duisende, waaronder ook baie van ons eie kerklede wat hulle oë op ons vestig om hulp en voorbidding,

"Besluit Ons, die uitvoerende komitee van die Suidelike Afrikaanse Divisie van Sewende-dag Adventiste, wat tans vergadering hou, om Sabbat 11 Desember 1937, vas te stel as vas- en biddag om God te smeek om die hulp wat so dringend nodig is."

Ons versoek al ons mense ernstig en dringend om God saam met ons te smeek om Sy liefde en genade te openbaar deur 'n milde reent wat mens en dier sal verbly, en wat die gelowiges met nuwe hoop sal vervul. Ons vestig nou ons oë op Hom, soos in die verlede, as die Gewer van elke goeie en volmaakte gawe, en ons het vertroue om te glo dat Hy die gebede uit die hart van Sy behoeftige en smekende volk sal verhoor.

A. F. TARR.

To Avoid Disappointment Order Early

ALL orders for *Signs of the Times* and *Tekens van die Tye* must reach the publishers before the 15th of the month preceding the date of the issue required. Therefore, place your order with your depository secretary *early in the month*, so as not to be disappointed.

All orders for clubs, or increases in standing clubs received after the date specified above will be executed in turn as the stock of the issue required permits.

Any cancellations or decreases of standing clubs, received by the publishers after the date specified above, will not come into effect until the following month.

THE SENTINEL PUBLISHING CO.,
Kenilworth, Cape.



Change of Address

WHEN you change you address, DO NOT FAIL to notify the publishers of this paper, giving both your old and new addresses.



"ONE soul is of more value to heaven than a whole world of property, houses, lands, money."

Wanted

GARDENER.—Knowledge of flowers, fruits, vegetables. Salary £6 per month with board and accommodation. Apply: Matron, Wheatfield Nursing Home, Mowbray, C. P.

COOK.—Qualified European female cook to take full charge of catering. Assistant supplied. Apply: Matron, Wheatfield Nursing Home, Mowbray, C. P.

LAUNDRESSES.—Two laundresses, *native*. Must be good at washing and ironing. Apply: Matron, Wheatfield Nursing Home, Mowbray, C. P.

HOUSE-BOY.—Good native house-boy. Apply immediately to Matron, Wheatfield Nursing Home, Mowbray, C. P.

Musicians — Attention!

In order that the singing and general tone of the music at the forthcoming Cape Conference camp-meeting may be interesting, we suggest that as many as can play suitable musical instruments should bring them along. Thank you!